# Les 17 DIE HEILIGE GEES IS KETELS SE KRAGNETWERK: HY IS DIE GAWE VAN JESUS CHRISTUS AAN DIE KERK, WAT ONS DEEL MAAK VAN DIE HERE SE LIGGAAM IN DIE HEMEL

## 1. Die Heilige Gees is ons kragnetwerk

Waar is die naaste dinamo wat aan ons krag in ons huise hier in Levubu voorsien? Dit is in Ellisras!

Nou hoe kom die krag van die dinamo van Ellisras, tot by die ketel in ons huis? Moet die ketel na die dinamo in Ellisras toe gaan om die krag te kry? Moet ketels in rye gaan staan in Ellisras om krag te kry?

Nee! Nou hoe kom daardie krag wat die dinamo opwek dan van Ellisras, of van waar ook al, tot binne-in die ketel?

Dit word voorsien deur die kragnetwerk!

Die kragnetwerk is iets anders as die dinamo. Dit is nog alles deel van die kragsentrale, maar die kragnetwerk is al die hoogspanningsdrade, al die kabels en al die substasies en kragborde wat van die kragstasie af, aan die hele land krag voorsien.

Jesus is mens in die Hemel en God met ons: Hy is ons kragopwekker. Die persoon wat die verlossing van Jesus af oor die hele wêreld heen versprei, is die Heilige Gees.

Die Heilige Gees is ook God, nes Jesus en die Vader, maar die Heilige Gees is nie mens soos Jesus nie.

| |
|---|
| Hy is die persoon in God wat alles wat Jesus vir ons opwek – versprei en dit deel maak van ons lewe. |

## 2. Jesus Christus gee aan ons die Heilige Gees: Hy voorsien die kragnetwerk

Kom ons lees saam uit Lukas 24 en Handelinge 2:

Lukas 24: 45 *Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan.* 46 *Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan,* 47 *en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.'* 48 *Julle is getuies van hierdie dinge.* 49 *En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is."*

Handelinge 2: *"Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar.* 2 *Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het.* 3 *Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.* 4 *Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. ....* 32 *God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies.* 33 *Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. "*

Jesus sê vir Sy dissipels dat Hy aan hulle die gawe van die Heilige Gees sal stuur. Die Heilige Gees is die persoon wat ons op aarde met krag van bo sal toerus. In Handelinge word vertel hoe die Here aan die kerk die Heilige Gees gee, en dan verduidelik die apostel Petrus in sy preek wat het gebeur: Jesus is mens in die Hemel en Hy het die gawe van die Heilige Gees van die Vader ontvang en uitgestort.

Hoe kry ketels die krag wat die dinamo opwek? Jy prop dit net met ŉ koord by die muurprop in ŉ huis in, en dan werk dit!

Maar hoe kom die krag by die muurprop? Dit kom deur die kragnetwerk wat klaar daar is, en die huis van krag voorsien. Ketels moet maar net by huise ingeprop word.

Wie sorg dat daar ŉ hele kragnetwerk is wat al die huise van krag voorsien en wat krag na die ketels toe bring? Moet ketels water kook én sorg dat daar ŉ kragnetwerk is? Nee, ketels kook net water! Die kragnetwerk is iets wat voorsien word deur die kragsentrale.

Ketels kan nie kragnetwerke voorsien nie, dis belaglik. Ketels kan nie hoogspanningspale, kabels, substasies en elektriese borde voorsien nie. Hulle kan maar net in huise ingeprop word – die hele kragnetwerk is voorsien deur die kragsentrale.

Wie gee die gawe van die Heilige Gees aan die kerk? Ons of Jesus Christus? Dit is wat die apostel Petrus verduidelik: Jesus Christus ontvang en stort die Heilige Gees uit. Hy is nie maar net die dinamo wat vir ons alles in die Hemel omdraai nie. Dit sou ons niks gehelp het as Jesus net in die Hemel alles vir ons omgedraai het en die Vader se liefde vir ons bewerk het, maar alles bly in die Hemel nie. Jesus sorg dat daar vir ons ŉ kragnetwerk is wat alles wat Hy vir ons in die Hemel opwek – deel maak van ons lewe op aarde. Hierdie gawe is die Heilige Gees.

Ons hoef nie na die Hemel toe te gaan om te kry wat Jesus vir ons opwek en stuur nie. Ons kan maar net waar ons is, alles ontvang wat die Here vir ons gee. Hy het oor die hele skepping ŉ kragnetwerk voorsien wat alles wat Hy gee, deel van ons lewe maak: die gawe van die Heilige Gees.

Net soos die Kragsentrale die kragnetwerk voorsien om die krag te versprei, net so het Jesus Christus self die Heilige Gees gegee sodat ons ŉ persoon het wat self alles wat die Here opwek en stuur, aan ons voorsien, tot by en binne-in ons.

### 3. Die Heilige Gees word aan die kerk in gemeentes gegee, nie aan lidmate elkeen op sy eie, los van mekaar nie

Hoe word ketels van krag voorsien?

- Kan dit só werk dat elke ketel sy eie kragnetwerk kry? Sy eie hoogspanningskabels en groot kragpale?
- Kan dit só werk dat vir elke elektriese apparaat in ŉ huis, daar ŉ eie kragnetwerk moet wees?
- Kan dit só werk dat ons ketels vat en hulle aan hierdie groot kabels vasmaak as ons wil water kook, en dat elke elektriese apparaat: stowe, yskaste en TV's, hulle eie substasie of hoogspanningskabel het?

Dit kan nie! As ons ketels aan hierdie kragnetwerk se kabels vasmaak, sal dit uitbrand! Alle ketels is by een en dieselfde kragnetwerk ingeskakel. Vir alle elektriese toebehore word daar op een en dieselfde manier, deur net een kragnetwerk, krag voorsien!

Hoe word krag voorsien? Deur huise! Die enigste manier waarop ketels kan werk, is om in ŉ huis te wees wat van krag voorsien is, en in die huis ingeprop te wees. Die kragnetwerk voorsien krag net aan huise – nooit aan ketels direk en afsonderlike nie.

Kom ons lees hoe dit werk in Efesiërs 4:

*”[3] Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. [4] Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. [5] Daar is net één Here, één geloof, één doop, [6] één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon. [7] Aan elkeen van ons is ’n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. [8] Daarom sê die Skrif: “Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.” [9] Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. [10] Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul. [11] En dít is die “gawes” wat Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. [12] Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. [13] So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos ’n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.”*

**Een liggaam en een kerk**

*“Daar is net één liggaam en net één Gees”*! Hierdie liggaam is Jesus se liggaam as mens in die Hemel. Hoeveel mense het uit die Hemel neergedaal en weer opgevaar na die Hemel toe? Net één mens – Jesus Christus. Hoeveel geeste gee Jesus Christus aan Sy kerk? Net een! Die Heilige Gees!

Daar is net één dinamo vir álle ketels, en net één kragnetwerk vir álle ketels!

Maar die kerk van die Here word óók in vers 12 genoem die liggaam van Christus. Hoekom? Dit is omdat daar net één Heilige Gees is, en Hy verenig ons met die één liggaam van Christus in die Hemel.

Waarby sluit die Heilige Gees ons in? Waarvan maak Hy ons deel? Die Heilige Gees sluit ons in by Jesus as mens in die Hemel. Die Heilige Gees maak ons deel van alles wat Jesus as mens in die Hemel is:

- Jesus is ŉ geseënde mens in die Hemel, wat ons vloek gedra het – ons is ingesluit by Jesus as mens in die Hemel en ons is deel van Sy seën en Sy vloek, daarom sal God ons nie vervloek nie.
- Jesus is ŉ mens in die Hemel wat vry is van sonde, maar wat in ons plek aangekla is – ons is ingesluit by Jesus as mens, en daarom is ons vrygespreek en sal ons nooit aangekla word nie.

- Jesus is ŉ onskuldige mens in die Hemel wat vir ons sondes gestraf is – ons is ingesluit by Jesus as mens, en daarom is ons onskuldig en sal ons nie gestraf word nie.

Wie word met Christus as mens in die Hemel verenig? Die kerk! Die hele kerk – almal wat aan die Here behoort.

**Een kerk met baie gemeentes**

Hierdie kerk van die Here bestaan altyd uit gemeentes uit. Wat is gemeentes? Dit is mense wat saam met Jesus Christus verenig is deur die Heilige Gees, en bedien word met die gawes wat die Heilige Gees gee.

Hierdie gawes is die ouderlinge, predikante en diakens.

Waar die Heilige Gees mense met Jesus verenig in die Hemel – gee Hy altyd gemeentes met predikante, ouderlinge en diakens wat die gemeente bedien.

Daar is nooit iets soos ŉ mens wat met Christus deur die Heilige Gees verenig word búite die kerk en sonder gemeentes nie. Hoekom nie? Want die kerk is Jesus se liggaam – hulle word almal sáám met een liggaam verenig: die liggaam van die Here in die Hemel. Buite die kerk en sonder gemeentes, kan niemand deel kry aan God se genade nie.

Die Heilige Gees wat Jesus Christus aan ons voorsien, is net aan die kerk en gemeentes voorsien, net soos ŉ kragnetwerk krag net direk aan huise voorsien, en nie direk aan ketels nie.

**4. <u>Ons kan net deel wees van God se genade as ons by ŉ gemeente ingeskakel is.</u>**

Die voorsiening van die kragnetwerk beteken nie dat ketels sommer vanself kan kook net omdat daar ŉ groot kragnetwerk tussen die dinamo en die huis is nie.

Ketels kan net op een manier ingelyf word by die dinamo in Ellisras: deur binne-in ŉ huis met ŉ koord aan die huis se muurprop gekoppel te word.

Jesus Christus draai vir ons alles in die Hemel om, en Hy stuur die liefde en goedheid van God as Vader na ons toe. Maar daar is net een manier waarop ons kan inskakel op die kragnetwerk.

| |
|---|
| Ons kry ook net op een manier deel aan die Heilige Gees – deur die Evangelie wat aan ons binne-in gemeentes bedien word. |

Kom ons kyk weer na die elektriese koord met die bruin- en die bloudraad. Net hierdie koord verbind die ketel aan die hele kragnetwerk. Die hele kragnetwerk voorsien aan alle huise orals krag – maar net die bruindraad binne-in die koord – net daardie klein en eenvoudige draadjie, verbind die ketel wat in ŉ huis aan die muurprop verbind is, met die hele kragnetwerk en bring alle krag wat die ketel nodig het, van die dinamo tot in die huis en binne-in die ketel in.

Wat is die koord: dit is die Woord van die Here! Wat is die bruindraad? Dit is die Evangelie!

Waardeur ontvang ons al die krag en toerusting wat die Heilige Gees aan die kerk en lidmate gee? Net deur die Woord van die Here, en net deur die Evangelie in die Woord van die Here. Kyk hoe beskryf die apostel Johannes dit in Johannes 14:

*"[24] Wie My nie liefhet nie, neem my woorde nie ter harte nie; en die woorde wat julle hoor, is nie Myne nie, maar die Vader s'n wat My gestuur het.[25] "Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; [26] en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."*

Die enigste plek waar die Heilige Gees ons herinner aan die woord van Jesus, dat Hy mens in die Hemel is en ons met Hom verenig is – is in die kerk – in gemeentes.

Daarom moet ketels, lidmate,  binne-in gemeentes wees en deur die Evangelie in die gemeentes ingelyf wees by die liggaam van die Here in die Hemel.

Want die Heilige Gees is die kragnetwerk van Jesus Christus wat Hy vir ons voorsien het. Ons word net deur die Evangelie by 'n hele kragnetwerk ingeskakel wat klaar vir ons daar is, en klaar werk die hele tyd.

**5. In afgodsdiens dink mense dat hulle 'n kragnetwerk vorm as hulle saamstaan**

In alle afgodsdiens glo mense dat as hulle saamstaan – dan is húlle die kragnetwerk van God. Dit klink só:

- as ons saam bid, dan sal God se krag van die Hemel af kom en ons deel maak van die krag van God!
- As ons saam almal tot bekering kom, dan sal die krag van God deur die land versprei en dan sal God die land deur die Christene regeer.
- As ons saam almal vrolik sing en almal saam opgewonde op pawiljoene en strate is, dan sal God se krag deur die land werk.
- As ons almal saam een erediens hou en alle Christene saam in een gemeente of een kerkgroep is, dan sal God se krag die ongelowiges deel van die kerk maak.

Hoe werk hierdie afgodsdiens?

Hulle glo nie dat Jesus vir ons 'n kragnetwerk opgerig en klaar voorsien het nie. Hulle wil self die kragnetwerk wees en hulle dink dat as baie Christene saamwerk, saambid of saamsing, is hulle die kragnetwerk van God: Jesus versprei die krag wat Hy opwek, deur hulle.

Dit is afgodsdiens. Die Heilige Gees versprei alles wat Jesus vir ons doen in die Hemel – nie groepe mense wat saam 'n kragvertoning  lewer nie.

Baie ketels wat almal saamkook is nie ŉ kragnetwerk nie! Dit bly maar net gewone ketels wat almal by een kragnetwerk ingeskakel is – die Heilige Gees.

**6. <u>In afgodsdiens dink mense hulle skakel op die hoogspanningsdrade in</u>**

In afgodsdiens dink mense dat dit nie genoeg is om net deur die bruindraad, die Evangelie, aan die kragnetwerk, die Heilige Gees, verbind te wees nie. Hulle dink ŉ ketel sal vinniger en beter kook, as die ketel sommer direk aan een van hierdie groot kragpale gekoppel word.

Daarom soek hulle maniere om buite gemeentes en buite die Evangelie, direk aan God gekoppel te word. Hulle dink hulle kry dit in gebede, geestelike ervarings, drome, visioene en wonderwerke wat hulle belewe.

Wat gebeur met ŉ ketel wat aan so ŉ hoogspanningsdraad gekoppel word? Werk hy vinniger en beter, of brand hy uit tot niks en as?

Net so werk dit in die godsdiens: enige direkte kontak met die Gees van God sonder en buite die Evangelie, op ŉ ander manier as deur die Woord van die Here, maak dat mense stukkend brand en niks word nie. ŉ Mens mag nie só met God kontak maak nie.

Ons skakel op die volle kragnetwerk van God in – die Heilige Gees – nét deur die Evangelie!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

___________________________________

Handtekening: ouer of voog